

God se ideaal vir die mensdom


God se Verbonde

Die Bybel is baie duidelik dat God die Skepper is van alle dinge, insluitend die mensdom. Die vraag is: Hoekom het God die mensdom geskep? Wat is die ideaal wat God met hulle wil bereik?

In Genesis 1 en 2 gee God vir ons 'n goeie aanduiding wat sy ideaal is as Hy opdragte aan Adam en Eva gee. As God se verteenwoordigers in sy skepping moet hulle heers, hulle moet vermeerder, die aarde vul en God dien deur die onderhouding van die sabbatdag as gereelde rusdag. Boonop gee God aan hulle die opdrag dat hulle nie mag eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie. Soos bespreek in die [Artikel "Sondeval"](#), is hierdie opdrag 'n duidelike aanduiding dat God gewillige gehoorsaamheid van die mensdom verwag. Opsommend kan ons dus sê God se ideaal is: **Hy wil geëer word deur baie mense wat gewillig sy opdragte gehoorsaam in sy skepping.** Dit is

belangrik om raak te sien dat daar dus 'n verbond of ooreenkoms tussen God en Adam en Eva bestaan het reg van die begin af (sien Hosea 6:7). Hierdie verbond word die **Skeppingsverbond** genoem. Die aard van hierdie verbond was 'n **werksverbond**, siende dat Adam en Eva gehoorsaam moes wees aan God se opdragte, anders sou hulle God se straf ontken. Hulle werke het dus bepaal of hulle God se seën of straf sou ervaar.

Die [Artikel "Sondeval"](#) beskryf ook dat Adam en Eva nie gehoorsaam was aan God se opdragte nie, en gevolglik straf God hulle. Hy verander egter nie die opdragte wat Hy vroeër aan hulle gegee het nie – dus bly God se ideaal steeds dieselfde. Wat wel verander, is dat God 'n ander verbond met hulle sluit. Hierdie verbond word die **Aanvangsverbond** genoem. Alhoewel die doel van die Aanvangsverbond dieselfde is as die van die Skeppingsverbond (i.e. om God se ideaal te bereik), is die meganisme in die verbond totaal anders. Die Aanvangsverbond is 'n **genadeverbond**. Waar die verantwoordelikheid in die Skeppingsverbond by Adam en Eva gelê het om gehoorsaam te wees, neem God nou self die verantwoordelikheid in die Aanvangsverbond. Op hierdie stadium is die detail van presies hoe God dit gaan doen maar skraps. Wat ons wel weet is dat net 'n deel van die mensdom voordeel gaan trek uit hierdie verbond, naamlik die nageslag van die vrou. Al sou hulle voortdurend in stryd lewe met die res van die mensdom (dit is die nageslag van die Satan), beloof God dat daar 'n Verlosser uit die nageslag van die vrou sal kom. Hy sal die wortel van die probleem wat aanleiding gegee het daartoe dat Adam en



Eva ongehoorsaam was, aanspreek deurdat Hy die Satan sal oorwin (Genesis 3:15).

Soos wat die openbaringsgeskiedenis in die Bybel vorder, word die detail van hoe God sy ideaal met die mensdom gaan bereik al hoe duideliker. God vul die Aanvangsverbond aan met verskeie addisionele verbonde wat nie in wese verskil van die Aanvangsverbond nie, maar telkens meer detail van God se plan openbaar. Hierdie verbonde gaan in die loop van die volgende aantal artikels beskryf word. Hulle is:

- Verbond met Noag, oftewel Bewaringsverbond
- Verbond met Abraham, oftewel Verbond van die Belofte
- Sinaiverbond, oftewel Wetsverbond
- Verbond met Dawid, oftewel Koningsverbond
- Nuwe Verbond

Ons volstaan op hierdie stadium met die onderstaande opsomming van die hoogtepunte van die onderskeie verbonde. Die detail sal duidelik word uit die opvolgende artikels.

Aard van Verbond	Verbondsnaam	Hoogtepunte
Werksverbond	Skeppingsverbond	<ul style="list-style-type: none"> • Onvoorwaardelike gehoorsaamheid, anders sterf die mensdom
Genadeverbond	Aanvangsverbond	<ul style="list-style-type: none"> • God sal 'n deel van mensdom verlos deur 'n Verlosser te stuur
	Verbond met Noag	<ul style="list-style-type: none"> • God stel sy oordeel uit tot met die einde van die tyd.
	Verbond met Abraham	<ul style="list-style-type: none"> • Die deel van die mensdom wat God verlos, sal groot wees. • God sal die Verlosser straf in hulle plek • Hulle sal gered word deurdat hulle glo • Hulle sal die beloofde land ontvang
	Sinaiverbond	<ul style="list-style-type: none"> • God gee die wette wat die verlostes gewillig moet onderhou
	Verbond met Dawid	<ul style="list-style-type: none"> • God openbaar dat die Verlosser ook die Koning is • Hy sal vir ewig regeer
	Nuwe Verbond	<ul style="list-style-type: none"> • Die Verlosser word gestraf in die plek van die wat glo • Die Verlosser gaan sit op die troon as Koning • Mense uit alle volke, tale en nasies deel in God se verlossing • God gee nuwe harte aan die verlostes sodat hulle gewillig sy opdragte sal onderhou